

Sing vooraf staande: Skrifberyming 1-4:1, 2, 3, 4

- 1 Die regte tyd het aangebreek, / die tyd deur God bestem –
die Vader stuur vir ons sy Seun / as kind na Betlehem.
- 2 Vir ons gebore as 'n mens, / kom Hy in ons belang –
Hy koop ons vry, dat God ook ons / as kinders kan ontvang.
- 3 God maak ons kind en erfgenaam, / Hy stuur vir ons sy Gees.
Ons kan Hom nou ons Vader noem; / aan Hom gehoorsaam wees.
- 4 O Vader, al die lof en eer / en dank wil ons U bring;
van al u vrede, liefde, guns / sal ons vir ewig sing!

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 89:1, 6 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

Gebed

Skrifberyming 4-2:1, 4, 5 (2:1, 4, 5)

- 1 Loof nou die God van Israel / wat op sy volk se roepstem merk,
wat na sy vaste bondsbestel / vir ons verlossing wil bewerk.
Hy het 'n horing opgerig: / 'n sterkte^oin Dawids huis gestig,
tot heil van al sy knegte. / Profetestem het dit geprofeteer
van aanbegin af, altyd weer, / totdat die raad vervul was van die Heer.
- 4 Jy sal, o kind, vooruit moet gaan / om voor die Heer se aangesig
die weë voor sy voet te baan: / jy sal sy volk eers moet verlig
met kennis van die saligheid; / want God skeld nou die sondes kwyt
uit innerlike^oerbarming. / Nou rys 'n ligglans aan die donker boog,
nou sal die Heer op hart en oog / die lewenslig laat neerstraal van omhoog.
- 5 Dié ligstraal sal hul ook verlig / wat nou nog woon in duisternis;
dit sal ons wank'le voetstap rig / op paaie waar dit vrede is.

Skriflesing: Lukas 2:1-20

Kernverse: Lukas 2:10-11

En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydschap wat vir die hele volk sal wees, dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is. (Lukas 2:10-11 AFR53)

Tema: Die beste nuus van alle goeie nuus

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, hierdie tyd van die jaar wil mense nie meer slegte nuus hoor nie. Daar was meer as genoeg slegte nuus. Nou wil mense iets hoor wat vir hulle aangenaam is – nuus wat so 'n warm snoesige gevoel om die hart veroorsaak. Goeie nuus vir ons is wanneer iemand hoor dat sy dae van sukkel met finansies nou op 'n einde is, want hy het 'n vaste werk gekry. Goeie nuus vir ons is wanneer iemand hoor dat sy langdurige siekte ten volle genees is. Sulke goeie nuus laat 'n mens opspring van vreugde.

Die Heilige Gees gee vanoggend in Lukas 2 die beste van alle goeie nuus – die nuus dat in Betlehem die Verlosser vir ons gebore is en sy Naam is die Here Jesus. Maak hierdie nuus ons nog opgewonde en laat dit ons nog van vreugde jubel? Daar is twee redes hoekom hierdie nuus mense nie meer opgewonde maak nie.

Die eerste rede is omdat hierdie nuus vir mense al so oorbekend dat dit al vir hulle ou nuus geword het. Vir sommige mense het hierdie nuus al so bekend geword dat hulle van verveeldheid gaap, want hulle ken dit baie goed. Ander sal nog daarna luister, maar dit bly vir hulle irrelevant vir die probleme waarmee hulle daaglik te doen het.

Die tweede rede hoekom hierdie nuus mense nie opgewonde maak nie, is omdat hulle nie weet in watter ellende hulle verkeer nie. Vir die ongelowiges is hierdie verhaal in Lukas 2 net 'n baie mooi verhaaltjie en vir hulle bly dit ook net 'n mooi verhaaltjie, want hulle besef nie in watter groot nood hulle werklik verkeer nie. Hulle sien hulleself as goeie mense en huldig daarom die gedagte dat hulle ook eendag in die hemel sal wees. Dit is nie waar dat alle goeie mense – of hulle nou Jesus Christus as hulle Verlosser erken en bely of nie – in die hemel sal wees nie. Jesus het immers self gesê:

Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. (Johannes 14:6 AFR53)

Wanneer 'n mens egter die Bybel ernstig opneem, besef 'n mens dat daar eintlik nie so iets is soos mense wat van nature goed is nie. Na die sondeval is alle mense ver van God af. Alle mense is sondaars en bevind hulleself onder die toorn van God. Dit is eers wanneer die Heilige Gees 'n mens se oë vir hierdie ellende van ons mensdom oopgemaak het dat ons die beste nuus van alle goeie nuus werklik kan waardeer. Kom ons volg die Heilige Gees in hierdie Skrifgedeelte in om agter te kom waarom die geboorte van die Saligmaker wat Christus, die Here, is die beste nuus ter wêreld is.

Broers, susters en kinders, daar is vandag steeds mense wat eerder glo dat daar 'n Kersvader is as dat hulle glo dat Jesus Christus regtig lewe. En al glo hulle nie dat daar 'n Kersvader is nie (Daar is nie een nie!) dink hulle aan die geboorte van Jesus net as 'n mooi storie waarvan kinders hou. Vir hierdie mense is die nuus oor die geboorte van Jesus 'n storie waarmee jy die kinders hierdie tyd van die jaar kan besig hou, soos wat kinders ander tye van die jaar met die stories van *Mickey Mouse* en *Tom en Jerry* besig gehou word. Die geboorte van Jesus, die maagd Maria, die wyse manne uit die Ooste en die skaapwagters is vir hierdie mense 'n verhaal wat die wêreld se aandag op vrede en gemeenskap fokus vir 'n paar dae in die jaar. Dit is vir hulle 'n tyd van wapenstilstand en niks meer nie. Dat die geboorte van Jesus regtig waar is, skeel hierdie mense nie 'n duit nie.

Indien die goeie nuus oor Christus ons Verlosser nie regtig waar is nie, maar net 'n mooi verhaaltjie, dan kan elkeen mos maar besluit of hy dit wil glo of nie, net soos baie mense

glo daar is 'n Kersvader wat nie regtig is nie. Elke mens kan dan maar vir homself besluit of hy die verhaal van Jesus se geboorte wil glo of nie.

Die Heilige Gees laat egter nie ruimte om maar self te besluit of die geboorte van Jesus waar is of nie. Sommer met die eerste tree in hierdie Skrifgedeelte in laat die Heilige Gees ons verstaan dat ons hier met feite te doen het en nie met gerugte of met 'n storie nie. Daar word gepraat van keiser Augustus wat 'n bevel uitgevaardig het dat die hele wêreld ingeskryf moes word en van Cirenus wat goewerneur van Sirië was tydens hierdie eerste inskrywing. Josefus, die Joodse geskiedskrywer, maak melding van hierdie inskrywing in sy *Joodse Geskiedenis*. Hierdie inskrywing was die keiser se manier om deur die sensusopname nie net die mense in die Romeinse Ryk te tel nie maar om te bepaal hoeveel belasting die Romeinse Ryk uit al sy provinsies sal kan invorder.

Die gebeure rondom die geboorte van die Saligmaker wat die Christus is, is dus nie 'n verhaaltjie nie, maar feitelike geskiedenis. Dit het inderdaad gebeur soos wat Lukas aan ons berig. Aangesien die geboorte werklik plaasgevind het soos dit hier aan ons geopenbaar word, beteken dan net een ding – God is waarlik getrou. Die beloftes wat Hy oor al die eeue gemaak het van die Verlosser wat Hy sal stuur, het waar geword. Die feit dat Hy die Verlosser gee, beteken dat Hy die wêreld werklik liefhet en dat die mense werklik 'n Verlosser nodig het. Sonder die Verlosser bly mense van God vervreemd vanweë hulle sonde.

Die Here het die geskiedenis geskryf soos dit hier in vers 1 tot 3 opgeteken is sodat ons kan beseef daar was mense wat dit gesien en gehoor het en daarvan vertel het. God het regtig sy Seun in hierdie wêreld ingestuur om al die beloftes van die Ou Testament te kom vervul. Hierdie geskiedenis bewys nie dat God regtig bestaan nie, maar dit bevestig dat God regtig bestaan en dat Hy regtig mense van hulle sonde en die dood wil red.

Ons glo hierdie woorde van die Here met ons hele hart, nie omdat dit 'n mooi storie is nie, maar omdat dit die volle waarheid is. En omdat dit die volle waarheid is, is ons ook bereid om vervolgd te word en te sterf hiervoor. Ons weet immers dat Jesus gekom het om ook vir ons te verlos en daarom sal ons deur die geloof ewig lewe en nie sterf nie.

Dit bring ons daarby uit om te let op die Persoon van Hom wat gebore is in Betlehem. Hy is uniek, want die engel sê die Een wat gebore is, is die Saligmaker (of Verlosser) wat Christus, die Here, is.

In vers 4 tot 7 merk ons op dat hierdie Verlosser wat gebore is, 'n egte mens is. Hy is uit Maria gebore wat aan Josef verloof was. Hulle moes Betlehem toe gaan om daar te registreer as belastingbetalers. Dit is 'n menslike ding in 'n mensewêreld waarin Jesus ingekom het. En kyk net hoe volmaak en presies regeer ons God. Hy beskik dat die keiser Augustus 'n bevel uitvaardig sodat Josef en Maria na Betlehem moes gaan. Die Verlosser moet daar gebore word, want so het die Here dit eeue gelede al deur die profeet Miga geprofeteer.

In Betlehem het Josef-hulle nie spesiale behandeling ontvang nie. Hulle moes maar tevrede wees om onderdak te kry waar diere gewoonlik snags gehou is, want daar was geen plek in die herberg nie. Die Verlosser het nie 'n koninklike wiegie gekry nie, maar sy eerste bedjie was die krip waaruit diere gevoer is. Dit was nie 'n stille nag nie. Die Babatjie het gehuil as Hy honger was. Die teken vir die herders was nie 'n stralekrans om die Kindjie se kop nie, maar 'n Kindjie wat toegedraai in doeke in 'n krip lê. Jesus ons Verlosser is 'n ware mens omdat Hy gekom het om die straf op mensesondes te dra.

Maar Hy is meer as 'n mens. Hy is ook God. Die engel het vir die herders gesê dat die een wat gebore is Christus die Here is. Die Naam *Here*, soos wat Lukas dit hier geskryf het, is presies dieselfde Naam wat telkens in die Ou Testament gebruik word wanneer daar van God gepraat word. Dit is ook dieselfde Naam wat Lukas in vers 9 gebruik wanneer hy sê dat engele van die Here aan die herders verskyn het. Indien die Naam *Here* in vers 11 iets anders as in vers 9 beteken het, sou die Heilige Gees dit vir ons duidelik gemaak het. Die feit dat die engele sê dat die Een wat gebore is Christus die Here is, beteken eenvoudig dat Christus regtig God is. Ons Verlosser moet mens wees, want mense het gesondig en moet vir die sonde betaal. Ons Verlosser moet God wees, want net God kan werklik God se straf op die sonde dra.

Die engel noem ook 'n spesiale Naam van Hom wat in Betlehem gebore is. Hy word *Christus* genoem. *Christus* is die Griekse vertaling van die Hebreuse woord *Messias* en dit beteken *Gesalfde*. Jesus is inderdaad die Koning en Hoëpriester wat deur God vir ons met die Heilige Gees gesalf is. Hy is Koning, want Hy regeer oor die mense wat aan God behoort. Daarom dra die woord van Jesus Goddelike gesag. Dit is woorde waarna ons met aandag moet luister en nie maar net van kan kennis neem nie. 'n Mens kan nie Jesus as Verlosser erken, maar nie as Here en Koning nie. Hy is Verlosser, Here en Koning.

Tog is Hy nie Koning soos wat mense gewoon is aan 'n koning nie. Wêreldse konings regeer so dat hulle die beste uit die lewe kry ten koste van hulle onderdane. Jesus ons Koning is Koning op 'n priesterlike wyse. Hy offer Homself in ons plek oor ons sondes sodat ons met vrymoedigheid weer voor God kan verskyn. En wanneer Hy ons regeer, doen Hy dit deur sy Gees en Woord.

Hy word ook Saligmaker genoem. Die woord wat ons met *Saligmaker* vertaal, kan as *Verlosser* vertaal word. Dit is immers waarom die Seun van God mens geword het en deur God die Vader met die Heilige Gees gesalf is. Hy het gekom om die wat verlore is te red van die verskriklike oordeel van God oor die sonde. Die feit dat Hy Verlosser genoem word, wys daarop dat die mense wat Hy moet verlos hulpeloos is en niks self kan doen om van die verskriklike oordeel van God vry te kom nie. Jesus alleen kan verlossing aan verlore sondaars skenk.

Wie dus Jesus aan mense verkondig en daar word in die geringste mate een van hierdie sake onderbeklemtoon, kan ons seker wees dat so iemand nie die ware Jesus wat in Betlehem gebore is aan ons verkondig nie. Indien die boodskap wat verkondig word, afbreuk doen aan die feit dat Jesus ware mens is, of dat Hy ware God is, of dat Hy Here is of Verlosser is, dan is dit nie die goeie nuus van die Bybel wat verkondig word nie. Die evangelie van God draai rondom Jesus Christus. Hy is die middelpunt van God se evangelie, anders is dit nie meer evangelie nie.

Dit is tog opmerklik dat die Here gekies het om hierdie beste nuus van alle goeie nuus heel eerste aan herders bekend te maak. As mense moes kies wie eerste van hierdie goeie nuus moes hoor, sou die kerkmense – die Fariseërs en die skrifgeleerdes – of selfs die koninklike huis in Jerusalem die eerste keuse gewees het. Dit is tog belangrike nuus en mense bring eerste die belangrike nuus aan die sogenaamde belangrike mense van die wêreld.

Maar in God se koninkryk werk die dinge altyd anders as waaraan mense gewoon is. Die Here kies om hierdie evangelie eerste aan herders bekend te maak wat in die nag wag gehou het oor hulle skape. Die feit dat herders die eerste hoorders van hierdie goeie nuus was, maak die volgende aan ons duidelik:

- Die goeie nuus is vir alle mense bedoel en nie net vir belangrike mense nie. Niemand hoef dus een of ander hoë posisie te beklee voordat hy deel kan kry aan hierdie goeie nuus nie. Dit gaan ook nie oor geleerdheid wat nodig is om hierdie goeie nuus te hoor en te begryp nie. Die goeie nuus van Jesus se geboorte en waarom Hy na hierdie wêreld gekom het, is so eenvoudig dat enige mens kan verstaan dat hy 'n sondaar is en dat Jesus Christus die enigste Verlosser is wat God skenk, en deur die genade van God kan enige mens tot geloof kom en gered word.
- Die goeie nuus is deur die engel aan die herders gebring wat wag gehou het oor hulle skape. Dit is baie moontlik dat sommige van die lammers wat daardie nag in die veld opgepas is die volgende jaar in Jerusalem by die pasga geslag sou word. Hier het ons dan herders wat lammers oppas wat by die pasga geslag sou word, en hulle word bekendgestel aan die Lam van God wat in hierdie wêreld gekom het om die sondes van die wêreld weg te neem. In sy regverdigheid handhaaf God sy beslissing dat die straf op die sonde die dood is. In sy barmhartigheid skenk Hy self die volmaakte Plaasvervanger – sy eie geliefde Seun.
- Die engele bring die goeie nuus aan herders. Kyk 'n mens terug op die openbaringsgeskiedenis dan sien 'n mens dat God dikwels die goeie nuus met herders begin. Die genadeverbond is met Abraham, 'n herder, gesluit. Die verbond is met Isak en Jakob bevestig en hulle was ook herders. Die Here roep vir Dawid weg van die skape af om herder van God se volk te wees. Dit is Jesus wat in die nageslag van Dawid is wat vir ewig op Dawid se troon sal heers en Hy sê van Homself dat Hy die goeie herder is (Joh 10:10). Hy ken ons diepste nood. Hy kan ons versorg en beskerm soos niemand anders op aarde nie, want Hy belowe dat niemand ons uit sy hand kan ruk nie en Hy sal aan ons die lewe in oorvloed gee.

Salig is die mens wat Jesus Christus as sy goeie herder het. Salig is die mens wat glo dat Jesus as Lam van God ook sy sondes wegneem het.

Die nuus van Jesus se geboorte is goeie nuus omdat dit die waarheid is, en dit handel oor die unieke Persoon van ons Verlosser, en hierdie nuus is vir alle mense bedoel. Maar hierdie goeie nuus is ook die beste nuus omdat dit lig bring en dan vrees en uiteindelik oorvloedige vreugde.

Dit wat daardie geskiedkundige nag met die herders in die oop veld gebeur het is tekenend van wat met elke mens gebeur wat gelowig op die goeie nuus van Jesus reageer. Ons hoor dat die herders in die donker van die nag oor hulle skape die wag gehou het. Hierdie donker van die nag beteken nog meer. Net in die vorige gedeelte het Sagaria in sy loflied gesing van die lig wat skyn oor die wat in die duisternis en doodskaduwee sit (Luk 1:79).

Elke liewe mens verkeer in die duisternis omdat sonde altyd met die donker geassosieer word. Geen mens wil sy sonde aan die lig bring of doen waar die lig daarop val nie, want dan moet hy verantwoording doen vir sy dade. En sonder dat so baie mense dit weet, is hulle nie net in die donker nie maar ook in die doodskaduwee. Indien sondaars nie verantwoording doen vir hulle misdade nie en nie daarvoor vergifnis kry nie, gaan hulle uit hierdie donker in die ewige dood in.

Toe die herders nog so in die donker sit, het daar meteens 'n engel van die Here by hulle gestaan en die heerlijkheid van die Here het helder rondom hulle geskyn. Wanneer die Here in genade sy Woord aan ons verkondig, is dit die Heilige Gees wat met die helder lig van die Woord die sonde in ons lewe aan die lig bring. Wat ons vroeër as normaal beskou het, sien ons in die lig van die Woord as onreg wat ons pleeg. Ons sien ons misdade en ons eie misdadigheid raak.

Die eerste reaksie van die herders is ook kenmerkend van die sondaar wat deur die Heilige Gees met die Woord van God ontbloot is. Die herders het groot geskrik. 'n Mens kan jou voorstel dat hulle in die nag op hulle hoede sou wees vir enige geluidjie. Hulle moes immers die skape oppas. En skielik is daar hierdie helder lig.

Die sondaar wat nog in die donker gesit het, sou ook op 'n manier op sy hoede gewees het dat hy nie miskien deur iemand uitgevang word oor sy sonde nie. Maar afgesien daarvan was ons almal heel gemaklik en tuis in ons sondedonkerheid. Maar toe die skerp lig van God se Woord oor ons en in ons harte skyn, het die Heilige Gees ons die sonde in al sy verskriklikheid laat raaksien. Toe dit met ons gebeur het, het ons geskrik soos Jesaja wat vir God op sy troon gesien het. Hy het uitgeroep:

Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die HERE van die leërskare, gesien! (Jesaja 6:5 AFR53)

Maar in sy grote barmhartigheid los die Here ons nie in daardie toestand van verskrikking nie. Die engel het dadelik die herders gerusgestel. Hy sê vir die herders:

Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees. (Lukas 2:10 AFR53)

Wanneer die Heilige Gees die skerp lig van God se Woord in ons harte laat inskyn, skrik ons, maar God wil ons nie bang maak nie, Hy wil ons verlos. Dit is hierdie verlossing wat dan ook die oorfloedige vreugde in 'n mens se hart veroorsaak.

Elkeen van ons het ons bekering op 'n unieke wyse beleef. Nie baie van ons kan 'n dag en datum onthou waarop ons die eerste keer in die Here begin glo het nie. Maar met elke gelowige gebeur die volgende. Hoe hegter 'n mens se verhouding met die Here word, hoe meer laat die Heilige Gees 'n mens in die lig van die Woord die verkeerde in jou eie lewe ontdek. Deur die genade van die Here Jesus kry ons dit reg om van hierdie sondes ontslae te raak en des te meer neem die vreugde ook toe, want die Heilige Gees gee deur die Woord aan jou die versekering dat Jesus ook vir daardie sondes reeds klaar betaal het.

Let nou net op wat die beste nuus van alle goeie nuus by 'n mens veroorsaak. Die herders het, nadat die engel hierdie goeie nuus aan hulle gebring het, nie net rustig by 'n vuurtjie oor hierdie nuus gesit en gesels nie. Hulle het ook nie vir mekaar gesê: *Ag, ons ken mos die verhaal. Ons is mos Jode wat grootgeword het met die beloftes van die Here oor die Messias* en aangegaan met hulle normale herderstake nie.

Hulle het met geloof op hierdie goeie nuus gereageer. Hulle het die engel geglo. Hulle het nie net geglo dat daar wel 'n Kindjie in doeke toegedraai in 'n krip lê nie. Hulle het selfs geglo dat die boodskap wat hulle ontvang het die Here se goeie nuus aan hulle was. En omdat die Here dit aan hulle bekend gemaak het, het hulle haastig na Betlehem gegaan om te sien wat gebeur het.

Wanneer die Here deur sy Woord Jesus aan ons openbaar, moet ons met geloof daarop reageer. Hy is miskien nie die Verlosser wat jy gedink het Hy gaan wees nie, want Hy neem nie oombliklik al jou probleme weg nie. Hy is miskien ook nie die Verlosser wat jy gedink het Hy behoort te wees nie, want Hy lê in doeke toegedraai in 'n krip en Hy sterf drie en dertig jaar later aan 'n kruis soos 'n gewone misdadiger en laat net honderd en twintig volgelingen agter. Maak nie saak wat menslike logika en wêreldse wysheid jou wil wysmaak nie. Hierdie Jesus is inderdaad die Verlosser wat God belowe het, want Hy is ware mens en ware God tegelykertyd. Glo in Hom.

In Betlehem aangekom het die herders vir Josef en Maria gevind en die Kindjie wat in die krip lê, presies soos die engel vir hulle gesê het. Maar dit is nie waar hulle gelowige reaksie ophou nie. Toe hulle die teken sien, het hulle besef dat die Kindjie wat in die krip lê werklik die Saligmaker is wat Christus, die Here, is. En omdat hulle dit geglo het, het hulle oral vertel wat aan hulle van die Kindjie gesê is.

Baie mense sou hulle waarskynlik skeef aangekyk het oor die engele wat hulle gesien het en dat hierdie Kindjie die beloofde Messias is. Maar mense se skewe kyke het hulle nie van stryk gebring nie. Hulle het weer vertel wat aan hulle gesê is. Ons glo tog ook wat die Here vir ons hier aangaande Jesus openbaar. Ons aanvaar dit as die volle waarheid. Daarom mag ons nie stilbly hieroor nie. Ja, daar sal mense wees wat ons skeef aankyk wanneer ons hiervan vertel en party sal ons selfs spot en beledig. Mag die Heilige Gees die waarheid van Jesus Christus so vasmaak aan ons hart dat ons aanhoudend daarvan sal oorloop. Ons het Hom wel nie in die krip sien lê nie, maar elkeen van ons wat in Hom glo het ervaar hoe die las van ons sondes van ons verdwyn omdat God dit op grond van Christus se offer vergewe het.

Die herders het egter nie daar in Betlehem gebly nie. Hulle het hulle werk. Hulle is herders en hulle het teruggegaan om wag te hou oor die skape. Maar nou het hulle dit anders gedoen. Hulle het God verheerlik en geprys oor alles wat hulle gehoor en gesien het. Ons hoef nie almal ons werk te los en sendelinge te word wanneer die Here ons kinders van Hom gemaak het nie. Ja, die wat die gawes van die Here ontvang het om die evangelie voltyds te verkondig, moet nie meer iets anders doen nie. Maar ons ander, in die werk waarvoor ons die gawes van die Here ontvang het, moet ons die Here gaan verheerlik en prys oor alles wat ons in die Woord gesien en gehoor het.

Die Heilige Gees het ons op vyf aspekte aangaande die geboorte van Jesus gewys wat bevestig dat hierdie werklik die beste nuus van alle goeie nuus is. Hy het gewys dat dit histories waar is, Hy het ons gewys op die unieke Persoon van Jesus, Hy het ons daarop gewys dat hierdie nuus vir alle mense bedoel is. Ons het gesien hoe persoonlik hierdie nuus ons aanraak en watter uitwerking dit op 'n mens het. Hoe ons met hierdie nuus verder gaan handel, sal bevestig of ons ook glo dat dit werklik goeie nuus is.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 98:3, 4 (p. 489)

- 3 Laat by die psalm, in vreug gebore, / jul harp en stem Hom loof en dank;
laat opklink deur jul tempelkore / trompette en basuingeklank!
Laat vreug die HEER se huis deurbewe, / want groot is Isr'els Vors en HEER;
die see en alles wat daar lewe, / die ganse wêreld moet Hom eer!
- 4 Laat al die strome nou die hande / in jubel saamklap van omlaag;
laat die gebergtes langs hul wande / die juigtoon altyd verder draag!
Hy kom, die Regter van die volke, / omstraal deur reg en majesteit;
Hy span sy vierskaar in die wolke / en oordeel in regmatigheid.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.